# Rugby



HTS John Vorster Rugby is gebou op 'n trotse geskiedenis wat reeds sedert die stigting van die skool in 1962 groei en ontwikkel het tot een van Pretoria se gerespekteerde rugbytradisies.

Deur die jare het HTS John Vorster nie net kompeterende spanne opgelewer nie, maar ook spelers wat tot op die hoogste vlak deurgedring het. Oudleerders soos Springbok Jacques Cronjé, wat 32 toetse vir Suid-Afrika gespeel het, het hul rugbyloopbane by HTS John Vorster begin, terwyl spelers soos Tian Schoeman, die Blou Bulle in internasionale rugby verteenwoordig het.

Die skool het ook oor die jare verskeie provinsiale en SA Skole-spelers opgelewer wat die groen en goud met trots gedra het. Vandag leef hierdie trots voort in 'n sterk rugbykultuur wat fokus op dissipline, karakter en spanwerk.

By HTS John Vorster kry elke speler – van beginners tot toppresteerders – die geleentheid om te ontwikkel en deel te wees van 'n broederskap waar trots en tradisie sentraal staan.

Vir laerskoolseuns wat hul rugbydrome wil uitleef en deel wil word van 'n skool met 'n ryk geskiedenis en 'n opwindende toekoms, is HTS John Vorster die plek waar jou rugbyreis begin en waar jy jou eie nalatenskap kan bou.




Meneer Martin Steyn
Rugbyorganiseerder





